VREESLIKE OORWINNING - OPSOMMING

GESKRYF DEUR JOLANI DU PREEZ - @verHOOG PRODUKSIES

Ons word so dikwels deur VREES gedryf. Vrees vir misdaad, vrees vir mislukking. Soms wil vrees jou lewensvreugde kom steel.

Die storie speel af op 'n plaas en ons sien hoe die boer, Frik du Preez, knaend deur die bank gebel word oor agterstallige skuld. Sy boerdery gaan gebuk onder die druk van swaar ekonomie. Hy deel met sy vrou Elsa dat hulle die plaas moet verkoop.

Die plaasdiere word bymekaar geroep en ingelig oor die verwikkelinge. Die plaasdiere kan sien dat boer se hart swaarkry. Hulle besluit om 'n biddag vir die plaas te hou. Die ander plaasdiere voel dat die plaas se naam moet verander omdat geen plaas met die naam "Sukkel-Sukkel" sal kan oorleef nie.

Ons sien in die storielyn hoe die karakters hul vrees beveg deur Woord. In hulle geval het hulle Jeremia 29:11 as lewensvers gekies: "*Ek weet wat ek vir julle beplan sê die Here, voorspoed en nie teëspoed , ek het vir julle 'n toekoms, 'n verwagting…*"

Die karakters is dit eens dat die woorde wat jy spreek geweldig baie krag dra. Stap saam met Frik, Elsa en die plaasdiere 'n pad van oorwinning en sien hoe die plaas "Sukkel-Sukkel" 'n nuwe naam kry. Die nuwe naam is "VREESLOOS".

Daar's ook duidelike woordspeling in die naam van die storie :
"Die vreeslike oorwinning" kan gesien word as die GROOT oorwinning, (vreeslik groot) of ook as die oorwinning oor vrees ,die VREESlike oorwinning.

Kopiereg voorbehou